**Van Wyk, Schalk, 1998, – My Dominee is hopeloos.**

Uitgewers: Lux Verbi. 116 bladsye. Prys: Onbekend

**Resensent: Dr J C van der Merwe**

Die boekie, sewe hoofstukke is klaarblyklik bedoel om "lekker los" geskryf te wees. Ek het die boekie met 'n heerlike verwagting begin lees. Ek het gedink dalk het ons hier iets wat 'n wesenlike probleem van ons dag aanspreek met begrip en eerlikheid. Ek was egter ietwat teleurgesteld. My oorheersende indruk is dat die boekie met 'n groot klomp aannames werk wat nie so eenvoudig is as wat die outeur wil voorgee nie. Juis dit kan daartoe lei dat lesers ook nie verkwalik kan word indien hulle so bietjie "verraai" voel nadat hulle die boekie gelees het nie of selfs dat baie mense se frustrasie met die kerk net groter sal wees nadat hulle die boekie gelees het nie. Die ingeligte leser sal byvoorbeeld weet dat die verwysing na "die nuttige diagram wat *ene Johari* geteken het om mense te help om hulleself en ander beter te verstaan" (bl 25) gewoon foutief is. Die sogenaamde "Johari se venster" as 'n model vir interpersoonlike bewustheid is die breinkind van Joseph Luft en Harrington Ingham (Joe+Harry= Johari). So 'n ooglopende fout laat 'n mens onwillekeurig met die gevoel dat die boekie nie werklik ernstig opgeneem kan word as 'n gesaghebbende verwysing so hanteer word nie.

Talle lesers kan ook nie verkwalik word indien hulle irritasie beleef met veralgemenings soos byvoorbeeld op bls 15: "Mense wil vergeet van die neerdrukkende wêreld en wil vreugde ervaar. Die tyd van ingewikkelde en leerstellige preke is verby, sê hulle. Hulle wil 'n mooi boodskappie hê, wat boeiend aangebied word en tjop-tjop afgehandel word." Dit gaan nie oor ingewikkelde en leerstellige preke nie, maar oor wesenlike en intense behoeftes van mense waarop hulle al te dikwels juis nie in die kerk antwoorde kry nie. Werklike en wesenlike behoeftes is tog iets anders as "begeertes". Deurleefde prediking is tog iets anders as mooi boodskappies wat boeiend aangebied word en tjop-tjop afgehandel word. Die vrae en uitdagings waarmee die post-moderne mens so dikwels moet worstel is tog veel ernstiger en dieper as wat op bls 73 gesuggereer word: "Maar dit is ook gevaarlik vir 'n gemeentelid wat glo dat 'n mens 'n predikant se waarde moet meet aan die vraag of hy 'n gesellige kêrel is wat kort preek en vermaaklike eredienste uitdink. En daar sal met die wederkoms ook baie gemeentes verleë staan omdat hulle deur hulle aandrang en toejuiging leraars verlei het om met strooi te bou, soos die Israeliete vir Ääron oorgehaal het om vir hulle 'n goue kalf te bou". Toegegee, daar is lidmate wat na allerlei oppervlakighede soek en seker dominees ook. Indien die boekie vir die sogenaamde moeilikheidmakers bedoel is, kan dit hulle waarskynlik help om tot ander insigte te kom. Maar vir diegene wat eerlik en ernstig bekommerd is oor die bediening van die kerk, soos dit gestalte kry in die prediking, die pastoraat, kategese ensomeer sal die lees van die boekie waarskynlik meer vrae as antwoorde bied

Deurgaans in die boekie kry mens die indruk dat die dominee op die ou einde eintlik maar die enigste ou is wat reg en dat lidmate hulle gesindheid behoort te verander. Om net twee voorbeelde te noem: "En moenie so seker wees dat die sonde van fout soek nie ook jou verhouding met die mense om jou – en met die dominee wat vir jou verantwoordelik is – bederf nie" (bls 64) en ook "Daarom is dit jou verantwoordelikheid om óf die gevoel dat jou dominee hopeloos is uit jou hart en lewe te verban (dit is moontlik), óf jy moet met hom of haar daaroor gaan praat. As jy dié gesprek op die regte manier benader, kan dit vir jou én vir hom bevrydend wees" (bl 77).

Die boekie bevat egter ook baie goed bedoelde én waardevolle raad. Byvoorbeeld dat lidmate vir die dominee moet bid, dat hulle 'n gesprek met die dominee moet inisieer, en as die alleen-praat met die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

dominee nie help nie om nog ander saam te neem (bl 90). Die laaste hoofstuk van die boekie wat gerig is aan: "Liewe Kollega" bevat baie stof wat vir leraars veel kan beteken.

In sy geheel is dit 'n boekie wat maklik lees en wat tog interessante en waardevolle gesprekke tussen dominees en hulle (moeilike) lidmate tot gevolg kan hê.